KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

Jaargang 50 Nr 30 7 September 2025

# Bybelse ekonomiese beginsels

Dwarsdeur die wêreld en eeue heen stoei die mensdom met die kwessie van ryk en arm. In die vorige eeue het die dwaasheid van die koningshuis en gepaardgaande adellike rykdom en verkwisting tot 'n breekpunt gekom met die Franse rewolusie. Demokrasie is gebore en verkoop as die "*silver bullet*", maar die ongelooflike kontraste in die Westerse wêreld tussen super rykes en armes skreeu ten hemele. Sosialisme en kommunisme as alternatief het gefaal en lui mense gekweek met min inisiatief om die wêreld te bewoon, bewerk en bewaar.

As Christene moet ons antwoorde kan bied op alledaagse probleme, anders bly die Bybel en ons godsdiens teoreties en 'n Sondag-stokperdjie. Jubeljaar met al sy reëlings, is die Bybel se antwoord op hierdie ekonomiese vraagstuk. "*Heilig die vyftigste jaar en kondig 'n kwytskelding in die land af vir al die inwoners van die land. 'n Jubeljaar moet dit vir julle wees*" (Lev. 25). Een keer in elke mens se lewe het almal die kans gekry om van vooraf te begin. Al het jy hope bymekaar gemaak, is alles tydens die Jubeljaar geneutraliseer en het die vader se groot erfdeel nie sorgelose kinders geskep nie. As jy verarm het a.g.v. jou vader se wanbestuur, het jy 'n kans gekry om oor te begin en 'n sukses te maak vir jou en jou gesin. Leef jy uitspattig voor die Jubeljaar, beter jy na die Jubeljaar baie vinnig te verander of jy word die een wat jou grondgebied moet verkoop.

Verder vereis Lev 25 dat die armes gehelp moet word deur hulle land te verpand en self dagloners te word. Daar was dus geen "SASSA-uitkerings" vir werkloses nie, en selfs die weduwees en wese moes hulle kant bring deur self kos bymekaar te maak, soos dit baie mooi vir ons geskilder word in Rut 2. Almal was besig om hulle talente te gebruik om besig te wees met hul kultuur opdrag van Gen. 2.

Ons wat leef in 'n komplekse 21ste eeuse samelewing, is die onmiddellike terugkeer na hierdie Bybelse model is nie haalbaar nie. Ons kan egter begin met 'n paar praktiese dinge soos om voor die Here te bely dat alles syne is en dat alles wat ons het net geleende goed is. Wees elke dag besig om voluit te werk om die wêreld te bewoon, bewerk en te bewaar. Leef om te werk in Gods koninkryk en nie werk om te leef (oorleef). As die Here ons seën met oorvloed, seën ons ander mense sonder om terug te verwag. Weerstaan die wêreldse begeerte om so gou moontlik genoeg bymekaar te maak om "*gemaklik te kan aftree*" en dink twee keer voor jy geld op jouself spandeer (bv. nuutste model voertuig). As elkeen sy plig doen, en ons vra die Here se seën daarop, kan ons land 'n paradys word waarin almal in vrede met mekaar kan leef.

Oudl Andries Zeevaart

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 20, Ps 145-1:1 Volgende week: Les 21, Ps 145-1:1

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## KOLLEKTES

| | |
|---|---|
| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Sustentasiefonds** by die deure) |
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Biblos** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 07-Sep | Erika | vd Wateren | C07 | 0824500923 |
| | Bets | Fourie | E01 | 0837271723 |
| | Jacques | Havenga | A10 | 0825630192 |
| 08-Sep | Wilmarie | Rheeders | B05 | 0825151558 |
| | Ig | Viljoen | A12 | 0817437101 |
| 09-Sep | Isie | Breytenbach | A03 | 0845820994 |
| | Roelof | Pelser | A13 | 0824127979 |
| | Awie | vd Merwe | A11 | 0797685970 |
| | Frik | vd Walt | B07 | 0713099004 |
| 10-Sep | Frikkie | Brits | C08 | 0828528037 |
| 11-Sep | Andrew | Marx | C12 | 0833370784 |
| | Toekie | Meyer | C06 | 0721930625 |
| 12-Sep | Louis | Dekker | B18 | 0845506904 |
| | Tiaan | Venter | B08 | 0768673700 |
| 13-Sep | Mieke | Opperman | C11 | 0829426954 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 08-Sep | Alana | Dorfling | A11 | 0626803230 |
| 09-Sep | Erasmus | Bezuidenhout | B03 | 0835655789 |
| 11-Sep | Christoph | Strydom | A04 | 0828722215 |
| 13-Sep | Aija | Grünenfelder | C15 | 0790877564 |

### Diakonie-fondsinsameling

Jubeljaar knipmesse @ R100 elk
Jubeljaar goue en silwer lepels @ R50 elk
Droëwors 400g @ R100
Skakel diaken Kobus Joubert – 0798738219

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Rev Lourens Venter
Isaha 35:1-10

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Bertie Stavast sterk aan na 'n terugval in sy gesondheid (C9 - 082 785 5475).
- Liam Pilkington is nog in 'n koma in Milpark-hospitaal (E01 - 072 245 0068). Sy vrou, Milinda is Vrydag begrawe vanuit GK Kandelaar.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Geluk

- Jaun en Engeli met die doop vanoggend van Mienkhe Kok.
- Ricus Eloff en Chanté Nell met die Aflegging van Belydenis van Geloof.



# VERPLIGTE KOLLEKTES

Hieronder volg 'n beskrywing van die Sinode, vir die voorgestelde verpligte kollektes vir die tydperk 2026 – 2029:

**Bybelverspreiding -** Om die Bybelgenootskap van SA by te staan met die druk en verspreiding van Bybels.

**Dankbaarheidsfonds -** Om dankbaarheid teenoor die Here te betoon dat Hy die Gereformeerde Kerke vir 150 jaar bewaar het. Die opbrengs word as 'n addisionele inspuiting bestem om die Emeritaatversorgingstrust te versterk, kerke wat nie voldoende finansiële middele het nie, te help en historiese geboue van die GKSA in stand te hou.

**Kerklike Tydskrifte -** Om aktuele artikels met 'n Gereformeerde grondslag te publiseer en na lidmate en ander belangstellendes teen 'n billike prys te versprei.

**Ekumenisiteit [Buitelands] -** Om skakeling met ander Gereformeerde kerke met wie die GKSA noue bande in die buiteland het, te bevorder.

**Thusofonds -** Om die emeriti uit die jonger kerke (voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn) te help versorg.

**Emeritaatsversorging -** Om die emerituspredikante, -weduwees en wese van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.

**GKSA Sustentasiefonds -** Om kerke wat nie finansieel onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om nuwe voorposgemeentes te stig waar die Woordverkondiging dringend noodsaaklik is.

**Teologiese Studentekas -** Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansieel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.

**Teologiese Studente hulpfonds -** Hulp aan behoeftige studente.

**Deputate Jeugsorg -** Ondersteuning vir die werksaamhede van die Deputate Jeugsorg.

**Expando-** Om 'n sentrum vir bedieningstoerusting en begeleiding onder die toesig van die Kuratore en in samewerking met Fakulteit Teologie te vestig.

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

Emmertjies **Wateroplosbare kunsmis** 750gr @ R100 nou beskikbaar. WApp Susan 072 124 1076 Monumentsig Aftree-oord en reël vir afhaal.

**PF Wolmarans Prokureurs -** Opstel van testamente, boedelbereddering, registrasie van huis-oordragte. Dit is die verkoper se prerogatief om die prokureur aan te stel. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

## Droë vrugte

Elke Sondag na die oggend erediens by die kombuis se agterluik o.l.v. die susters, dit is jul deurlopende fondsinsamelingsprojek.

Esmé Groenewald 082 872 4878

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**7 Sept**
Karen Kirsten (sameroeper)
Graad 6

**14 Sep**
Cecilia Coetzee (sameroeper)
Graad 7

## Tieners se lente-piekniek

Almal is welkom om die tieners se lente-piekniek, na afloop van die aanddiens by te woon. Elkeen bring sy eie verversings en ons kuier almal lekker saam.

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan GK Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgings-fasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R525 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Okt 2025. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R899. Die inwoner is ook verantwoordelik vir die kraggebruik en munisipale heffings.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 15 Sept 2025**

**Expando** bied die volgende **Webinaar** aan **20 Okt 18:00 -19:00**

Kom vind meer uit en gesels saam by ons volgende webinaar oor Gesonde Gemeentes: Kinder, tiener, jongmens en gesinsbediening.

Kontak Ds Jan vd Walt (vaaljas-fontein@gmail.com), Ds Marcel Floor (marcelfloor07@gmail.com) om die skakel na die webinaar te ontvang.

**Bekendstelling van twee pastorale kursusse**

- Jaarkursus gefokus op Die Pastor in Krisis
- Zoom kursus op 16 Sept – "*Wanneer godsdiens lei tot verwonding eerder as heling*"

**Volledige besonderhede op kennisgewingbord**




CROSSROADS PRISON MINISTRIES

**Mentor Opleiding**

**GK Centurion**

Donderdag **25 September**

**18:00 – 20:00**

Crossroads Prison Ministries is 'n evangelisasie aksie waar 'n sendeling tronke besoek en studente werf wat weekliks 'n les uitwerk wat aan 'n administratiewe kantoor gestuur word. By die kantoor word die lesse aan mentors uitgedeel wat daardeur werk, korrigeer wat verkeerd is en opbouende kommentaar byskryf. Die mentor skryf ook 'n motiverende brief aan die student.

Daar is 'n administratiewe kantoor by GK Centurion. 'n Lidmaat van GK Centurion gaan haal die lesse by Leeuwkop Gevangenis waarna dit gementor en weer teruggeneem word.

Daar is ± 12 lidmate van GK Centurion en GK Rietvallei asook ± 8 van GK Lyttelton wat mentors is. **Ons benodig dringend nog mentors**.

Kontak ons asseblief indien u belangstel om 'n mentor te word, of net meer inligting wil bekom.

**Ronell 083 292 3534 of Hannie 082 780 3653**

# 'n Boodskap oor die Jubelkamp

Ons wil graag 'n belangrike opdatering met julle deel oor die beplande Jubelkamp van 12-14 September 2025.

Na deeglike en biddende oorweging het ons die moeilike besluit geneem om die kamp uit te stel tot volgende jaar.

Die redes vir hierdie besluit is veelvuldig:

- 'n Laer-as-verwagte aantal inskrywings (tot op datum).
- ’n Aantal skeduleringskonflikte met skoolgeleenthede en ander verpligtinge wat met die kampnaweek oorvleuel.
- Onsekerhede by die gemeente rakende die akkommodasie en fasiliteite van die huidige kampterrein.

Ons glo dit is die beste om hierdie bekommernisse behoorlik aan te spreek voordat ons voortgaan. Ons is daartoe verbind om seker te maak dat volgende jaar se kamp 'n wonderlike ervaring vir almal sal wees.

Die nuwe datum en oord vir volgende jaar se kamp sal voor die einde van die jaar aan die gemeente bekendgemaak word. Dit sal julle die geleentheid gee om die naweek vroegtydig uit te blok sodat almal kan deelneem.

Ons doel is om te verseker dat die kamp 'n fantastiese en onvergeetlike tyd vir *koinonia* en geestelike groei vir elke gemeentelid sal wees.

Dankie vir julle begrip en voorbidding.

Groete, Die Jubelkamp Beplanningspan

# Liturgiese Riglyne

## S O N D A G O G G E N D 09:00

## Daar is 'n pad na die hemel

**Skriflesing**:
Jesaja 35:1-10
(2020)

**Teksvers:**
Jesaja 35:8-10

**Sing**:
Sb 1-2:1,2,3
Ps 100:1, 2, 3,4
Ps 1:1,4
Sb 10-2
Sb 18-7:1,3,10,12
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Die bedoeling van die Jubeljaar is om herstel te bring. Die mens word so maklik oorrompel en oorweldig deur die sonde en die vernietigende effek daarvan, dat ons so maklik vergeet waarvoor ons geskep is: om God te eer en vreugde in Hom te ervaar.

Maar weet u, daar is 'n weg, daar is 'n pad uit hierdie woestynland van die sonde na die beloofde ewige heerlikheid. Dit is 'n pad na die hemel.

## S O N D A G A A N D 18:00

## Gebruik jou gawes om die genade uit te deel

**Skriflesing**:
Matteus 14:1-21
(1983)

**Teksvers**:
Mat 14:16

**Sing**:
Ps 118:12,14
Ps 146:1,5,8
Sb10
Sb 17-1:1,2,5,6
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Ons bekyk vanaand die wonder van die eerste vermeerdering van die brood en vissies. Hierdie perikoop vertel nie net dat Jesus mag het oor alles en brood kan vermeerder nie. Ja Hy kan vir die biddende gelowiges alles voorsien wat hulle benodig.

Ons hoop egter om met die oog op die komende nagmaal (oor twee weke) nog dieper te kyk en raak te sien dat Jesus gesterf het om vir ons die hemelse brood van die lewe te gee, sodat ons dit kan uitdeel vir die hongeriges van hierdie wêreld.